

2 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5

Fokusgedeelte: DL, VD 5:1

**God bewaar my vir my eindbestemming!**

Is my volharding, my getrouheid aan die Here tot die einde toe, die gevolg van of die voorwaarde vir my uitverkiesing? Die dwaalleraars het gesê dit is die voorwaarde vir my finale uitverkiesing. Hulle het beweer dat ek deur my vrye wil tot die einde toe moet volhard, sodat God my kan uitkies.

Die Sinode het hierdie dwaling verwerp, want die Woord sê (vers 23-24): “Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep is getrou.” Dit is ’n gebed dat God ons sal bewaar om so te volhard dat ons veilig in die Nuwe Jerusalem sal aankom en dit is ook ’n versekering dat God sal sorg dat ons die ewige lewe sal beërwe.

Dit is dus baie duidelik dat my volharding nie die voorwaarde vir my uitverkiesing is nie, maar dat God my gekies het en dit het tot gevolg dat ek tot die einde toe sal volhard! Dit is juis ook waarvoor Jesus gesterf het – om vir my die versekering te gee dat ek deur sy soenoffer aan die kruis beslis deel het aan die ewige lewe.

Daarom bely ons dat die Bybel baie duidelik is daaroor dat “volharding die gevolg van die uitverkiesing is en dat dit deur die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus aan die uitverkorenes gegee word ...”

Daarom kan ek God tegelykertyd daarvoor bid en daarvoor dank dat Hy my sal bewaar om enduit getrou te bly en te volhard in die geloof totdat Jesus weer kom! In vers 24 kry ons die versekering: “Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou.”

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~